Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

30 Oktober 2024
OB 40

Beste Ouers

Die afgelope paar dae het ons baie reën gehad. Ek dink die hoeveelheid was ’n verrassing vir die meeste van ons. Ek hoop daar was nie ernstige skade in die omliggende gemeenskap gewees nie. Ons is geseënd omdat ons damme vol is en ons weet ons het genoeg water vir die seisoen wat voorlê. Ek wens almal in die boerdery en gepaardgaande nywerhede 'n goeie seisoen toe.

Ons het die afgelope jaar verskeie kere verwys na die sonkrag rugsteunstelsel wat die beheerliggaam beplan om te laat installeer. Vroeg in 2023 is kwotasies ingewin en navorsing gedoen. Ons kan die goeie nuus meedeel dat die projek skriftelik deur die WKOD goedgekeur is en dat ons teen 7 November met installasie gaan begin. Die installasiekoste is wel hoog, maar soos uself weet is die besparing aan elektrisiteit baie groot en betaal so ’n stelsel dit self af. Die verdere voordeel is dat daar geen onderbrekings aan onderrig met die interaktiewe witbordstelsels sal wees, wanneer daar kragonderbrekings is nie.

Die veiligheid van die leerders is ’n prioriteit gedurende hierdie tyd. Die sonpanele word op die saal se dak en die kleedkamerblok se dak geïnstalleer (die asbesdakke is ’n paar jaar terug deur die WKOD met metaalplate vervang). Die areas waar installasies gedoen word, sal afgeblok word, sodat die leerders nie daar kan kom nie. Die maatskappy doen verskeie groot installasies en daar sal die minimum ontwrigting binne die skool plaasvind. Die saal word nie vanjaar gebruik vir die skryf van eksamen nie. Die verwagte tydperk van installasie is ongeveer drie weke.

Ons is besig met al ons sport en ander aktiwiteite, maar intussen sluip die eksamen stilweg nader. Ons vra ons leerders om reeds nou al hersiening te begin doen. Graad 4 - 7 skryf in die meeste vakke oor kwartaal 3 en 4 se werk. In sommige vakke by gr. 7 word oor die jaar geskryf. Leerders ontvang hul eksamen werksafbakenings op Maandag 4 November. Intussen is die personeel reeds besig om klem te lê op belangrike werk en dit is noodsaaklik dat alle leerders gereeld skool bywoon.

Ons wens u sterkte toe vir die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Weektema:
Uitstekende prestasie in sport in my klasgroep.
BrainBuddy:
Ek sal my talente en gawes gebruik.

Geborg deur:
SPAR
MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Donderdag, 31 Okt	Graad 6 Kamp Wemmershoek o. 11-Krieket teen Laerskool Ashbury (tuis)
Vrydag, 1 Nov	Graad 6 Kamp Wemmershoek Entrepreneurs: Ope Tennis: Bane - Interdistrikte byeenkoms Fotogeld: sluitingsdatum
Maandag, 4 Nov	Kliniek 12 jariges
Dinsdag, 5 Nov	Gr. R kuierdag
Woensdag, 6 Nov	Alg Ouer- en begrotingsvergadering (19:00) Senior Burgerdag (Oupa en Ouma)
Donderdag, 7 Nov	o. 13-Krieket afsluitingswedstryd Laaste sportoefening Montagu Pre-Primêr Ouervergadering
Vrydag, 8 Nov	Entrepreneurs: Gr. 1K GF Boeke huis toe GR 7 Klasuitstappie

PERSONEEL VERJAARSDAE

Joshua Blacklaws: 31 Oktober

GR5 UITSTAPPIE

Die graad 5e was Vrydag, 25 Oktober op hul uitstappie na Kleinplasie in Worcester. Hier het die leerders verskillende diere gesien. Hulle het geleer hoe om papier te maak, asook hulle eie papier gemaak en donkiekar gery. Dit was 'n heerlike uitstappie en die leerders het dit vreeslik geniet.

GR7 KAMP

Die graad 7 leerders het van 22 tot 24 Oktober 2024 die Jeugtrust buitelugskool op Melkbosstrand bygewoon. Ons was gelukkig om in heerlike weer baie aktiwiteite op die strand te doen. Ons het afgeskop met ‘n spanbou aktiwiteit. Na ‘n heerlike middagete het ons van getye en getysones geleer, waarna ons lewende organismes in die getysones gevang en bestudeer het.

Van die hoogtepunte was die nagmars in die sandduine met net ‘n G.P.S. om rigting te bepaal. Ons het geleer van besoedeling en het gehelp om die strand skoon te maak. Na ontbyt die tweede oggend, het ons seelangs na Melkbos se hoofstrand gestap waar ons van die NSRI en Koeberg geleer het.

Oppad terug het ons lekker in die duine gespeel. Na middagete het ons skuilings in die duine gebou en daarna lekker op die sand gespeel. Ons tweede dag is afgesluit met ‘n wetenskap vertoning en ‘n lekker stokbrood-braai.

Op hierdie kamp het ons baie gestap, lekker geëet, min geslaap en lekker gelag. Dit is beslis ‘n kamp wat ons vir altyd sal onthou.

AKADEMIESE VORDERING

Baie geluk aan die groep ISF leerders wat sertifikate ontvang het vir akademiese vordering in kwartaal 3.

Julle harde werk word raakgesien.

KRIEKETUITSLAE – O. 11

Laerskool Montagu se Krieket wen: 'n Spannende Wedstryd!

Laerskool Montagu het onlangs 'n opwindende krieketwedstryd teen Robertson gespeel. Montagu het eerste gekolf en 'n indrukwekkende 97 lopies aangeteken. Robertson het egter gesukkel om die teiken te jaag, wat daartoe gelei het dat Montagu die wedstryd gemaklik gewen het.

Zak Rautenbach het as die beste kolwer uitgestaan met sy uitstekende spel, terwyl Roux Datson die beste bouler was, wat Robertson se kolwers sterk onder druk geplaas het. Hierdie wedstryd het ons span se talent en deursettingsvermoë ten volle getoets, en ons sien uit na nog suksesvolle wedstryde in die toekoms.

O. 13-KRIEKET TEEN LS ROBERTSON – 21 OKT

Monties kolf eerste en kry 109 lopies in 20 beurte. Robertson kry 114 lopies. Beste bouler, Quindré Jantjies met drie paaltjies en die beste kolwer was Christiaan van Eeden met 46 lopies nun. Baie geluk! 🏏🏏

DANKIE

Dankie

aan ons glimlaggende en hulpvaardige Steunpersoneel.

Oom Pietie, tannie Lizbeth, tannie Willmarie en oom Samuel is altyd
reg om te help waar ook al nodig.
Ons sê elke jaar dankie deur nie-bederfbare produkte bymekaar te maak.
Stuur asb. enige nie-bederfbare produkte as vakansie-geskenke
wat u vir hulle wil gee, na die skool toe.
Dit kan by tannie Thamlynne by die klerewinkel ingegee word.

LM SKAKEL

Vir net R5 kan jy die laaste LM Skakel uitgawe vir 2024 bestel.

Bestel teen Vrydag, 1 November by jou klasonderwyser!